# Rooted Deel 2: Fellowship

shofar

Fellowship κοινωνία, (lit. partnership) (a) contributory help, sharing in, spiritual fellowship, a fellowship in the spirit, κοινωνικός, willing to share. κοινωνός, a sharer; a partner.

Souter, Alexander. 1917. In A Pocket Lexicon to the Greek New Testament, 136. Oxford: Clarendon Press.

shofar

(1 Joh 1) Die Woord het in die vlees verskyn.
Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met
ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande
getas het aangaande die Woord van die lewe —2 en die
lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig
en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader
was en aan ons geopenbaar is —3 wat ons gesien en
gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook
gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met
die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.
4En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle
blydskap volkome kan wees.

shofar

God is lig. Hy wat in die lig nie wandel nie, het
geen gemeenskap met Hom nie.
5EN dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het
en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is
in Hom nie. 6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap
het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie
die waarheid nie.
7Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan
het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van
Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

shofar

Die belydenis van sonde en die vergifnis.
8AS ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei
ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.
9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en
regverdig om ons die sondes te vergewe en ons
van alle ongeregtigheid te reinig.
10As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan
maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord
nie in ons nie.

shofar

(Joh 17:17-21)Heilig hulle in u waarheid; U woord is die waarheid. Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur. En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees. Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo — dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

shofar

(Joh 17:22-24) En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het. Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.

shofar

(2 Kor 3:18) En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

shofar

(Joh 17:25)Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het.
En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.

Uitnodiging 1 - “Fellowship” met God

Uitnodiging 2 - “Fellowship” saam met die liggaam .

Uitnodiging 3 - Maak Hom bekend.

Uitnodiging 4 - Wie is die week my aanspreeklikheid/accountability persoon.

shofar


shofar